BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

INTERNASIONALE MARKTE
-STEWIGE VERTONING OP INTERNASIONALE AANDEELBEURSE

► S&P 500, DOW EN NASDAQ SLUIT HOËR

Internasionale markte het in Junie goed vertoon en die MSCI Alle Lande Wêreldindeks het die maand 6.5% hoër as die vorige maand afgesluit, teenoor die 5.9% daling wat in Mei aangeteken is. Dit was grootliks te danke aan verwagtinge van 'n positiewe uitkoms vir voortgesette handelsgesprekke tussen die VSA en China by 'n G20 vergadering, wat in Osaka, Japan plaasgevind het.

Die Amerikaanse President Donald Trump het ingestem om vir die oomblik geen nuwe tariewe in te stel nie en het ook toestemming gegee dat Huawei weer Amerikaanse produkte kan koop.

In die VSA het die S&P 500 indeks maand op maand met 6.9% gestyg (+17.4% jaar tot datum en +3.8% in die tweede kwartaal van 2019) en die Dow Jones Nywerheidsindeks het maand op maand 7.2% hoër gesluit (+14% jaar tot datum en +2.6% in die tweede kwartaal van die jaar) – volgens *CNBC* die grootste styging vir Junie sedert 1938. Die Nasdaq, wat bekend is vir die aantal tegnologie maatskappye wat by dié beurs ingesluit is, het die maand 7.4% hoër afgesluit (+20.7% jaar tot datum), ondanks swakker vertonings vir van die bekendste aandele weens planne van reguleerders in die VSA om die onmededingende optrede van sommige van die maatskappye te ondersoek.

Ook in Europa het markte in Junie goed gevaar en die Duitse DAX het 5.7% hoër as in Mei gesluit (+17.4% jaar tot datum, +7.6% in die tweede kwartaal van die jaar).

In Frankryk het die CAC maand op maand met 6.4% gestyg (+17.1% jaar tot datum).

Ondanks die stygings en dalings op markte sedert die begin van die jaar het *The Daily Maverick* berig dat Amerikaanse aandele die beste eerste helfte van 'n jaar vir die afgelope 20 jaar aangeteken en ook dat dit die beste maand vir nuwe noterings was sedert 2014.

SLIM WENK
– BELASTINGSEISOEN SKOP AF

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die 2019 belastingseisoen van stapel gestuur vir belastingbetalers wat die diens se digitale opsies – *eFiling* en *SARS MobiApp* – gebruik. Die belastingjaar en hoe opgawes ingedien word is vir die eerste keer in jare verander, in 'n poging om diens aan belastingbetalers te verbeter en oorskakeling na digitale indiending van opgawes aan te moedig. Belastingbetalers wat *eFiling* of die *SARS MobiApp* vir slimfone en tablette gebruik kan vanaf 1 Julie tot 4 Desember 2019 opgawes indien.

Belastingbetalers wat vir die eerste keer *eFiling* wil gebruik kan vanaf die begin van Julie daarvoor registreer. Belastingbetalers wat opgawes by takke wil indien kan vanaf 1 Augustus tot 31 Oktober 2019 opgawes finaliseer – 'n baie korter tydperk as wat van toepassing is vir digitale opgawes.

MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE PLAN AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHEDE VERANDER

Brenthurst Wealth Management (PTY) LTD FSP No. 7833

PLAASLIKE MARKTE

► JSE SLUIT HOËR ONDANKS BBP SKOK

Skokkende syfers wat in Junie bekend gemaak is, toon dat die plaaslike ekonomie in die eerste kwartaal van 2019 met 3.2% gekrimp het – 'n groter daling as wat algemeen verwag is en die grootste kwartaalikse daling in 'n dekade. Die swakker syfer is aangedryf deur moeilike omstandighede vir die vervaardiging en mynbou sektore, veral danksy die impak van beurtkrag in die eerste kwartaal.

Ondanks die ontstellende nuus het die plaaslike aandelebeurs in Junie verstewig en die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele het maand op maand 4.6% hoër gesluit (+10.4% jaar tot datum). Mynbou aandele het die lopie gelei en groot aandele soos Anglo-American het maand op maand 15.6% hoër gesluit, Anglo American Platinum (Amplats) +14.2% maand op maand, BHP Groep 10.1% hoër en Glencore 5.7% hoër maand op maand. Naspers, wat 19% van die indeks uitmaak, het Junie 4.4% hoër as in Mei afgesluit.

Stewiger pryse vir ystererts het gediversifiseerde mynaandele gesteun, terwyl goudmynaandele ook goed gevaar het danksy 'n styging van 8% in die prys van die edelmetaal. Die Resi-10 het die maand 10.3% hoër afgesluit (+16.8% jaar tot datum), die Indi-25 het 4.1% hoër gesluit (+12.7% jaar tot datum). Die Fini-15 het nie so waffers gevaar nie en die maand slegs 1.4% hoër afgesluit (+3.7% jaar tot datum) danksy aandele soos Standard Bank (-1% maand op maand), Capitec (-1.6% maand op maand) en Nedbank (-3.4% maand op maand) se swakker vertonings.

AngloGold Ashanti het in Junie die beste gevaar en die aandeel het maand op maand 30.5% hoër gesluit, aangevuur deur die hoër goudprys, wat vir die eerste keer sedert 2013 bo die vlak van $1 400 per ons gestyg het. Harmony (+25.7% maand op maand) was in die tweede plek en die derde beste vertoner was Blue Label Telecoms (+24.6% maand op maand), die grootste aandeelhouer in Cell C. Rebosis Property Fund was die swakste vertoner in Junie (-29.2% laer as in Mei), gevolg deur Omnia Holdings (-20.4% maand op maand). Nog 'n eiendomaandeel – Intu Properties Plc – was in die derde plek vir die maand en het 20% laer as in Mei gesluit.

► MIN BESONDERHEDE OOR TOEKOMSPLANNE IN STAATSREDE

President Cyril Ramaphosa het in sy staatsrede (algemeen bekend as SONA) sterk steun vir Eskom bevestig, asook vir die maandaat van die Reserwebank, en beloftes is gemaak van besteding aan infrastruktuur soos paaie en water en hy het ook gesê werk sal gedoen word om dit makliker te maak om ondernemings te vestig en te bedryf. Die staatsrede het sonder voorval verloop, hoewel die besonderhede maar min was. Spanning tussen die verskillende faksies binne die regerende party hou steeds die plaaslike ekonomie as gyselaar. Die Sekretaris-Generaal van die ANC, Ace Magashule, het die eerste onsteltenis veroorsaak met uitsprake vroeg in Junie oor die Reserwebank. Volgens berigte op *News24* het hy 'n verklaring oor die Reserwebank uitgereik ná afloop van 'n vergadering van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee, wat die rand onder druk geplaas het. Sy uitsprake is vinnig weerlê as 'n wanvoorstelling van die uitkoms van die NUK se vergadering en Ramaphosa se kantoor het 'n verklaring uitgereik waarin die President sy standpunt duidelik gestel het.

Die rand het in die tweede helfte van die maand stewiger verhandel danksy opmerkings deur sentrale banke wêreldwyd en die hoop vir 'n positiewe uitkoms vir handelsonderhandelinge tussen China en die VSA. Die rand het teen die einde van Junie met 3% teen die Britse pond en 1.6% teenoor die Euro verstewig.

► WEEREENS SWAKKER VOERTUIGVERKOPE

Syfers wat deur die Nasionale Vereniging van Voertuigvervaardigers (Naamsa) bekend gemaak is toon dat voertuigverkope in Junie weereens gedaal het. Verkope van passasiersvoertuie was laer maar daar was effense stygings in die verkope van bepaalde klasse van handelsvoertuie.

Daar is in Junie 724 of 1.6% minder voertuie verkoop. Die totaal was 45 939 teenoordie 46 663 wat in Junie verlede jaar verkoop is. Verkope van uitvoervoertuie – wat in Mei laer was as in Mei 2018 – het beter gevaar en met 14.3% gestyg.

Bronne:
Anchor Capital, Momentum, Wheels24, The Daily Maverick